

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
26 Junie 1977

Onderwerp: Benjamin
Lees: Génesis 35 verse 17 tot 20
Filippense 3 verse 3 tot 10
Teks: Génesis 49 vers 27
Sing: Psalm 68 vers 12
Gesang 63 verse 2 en 3

“Ons staan hier by die sterfbed van Jakob. Dit is soms goed om by ’n sterfbed te wees, omdat ’n mens daar by die rand van die ewigheid woorde hoor wat jy nie elders verneem nie. Dit het beslis gegeld by hierdie sterfbed.

“Ons hoor hoe dat die gryse sterwende Jakob sy jongeling na vore geroep het en oor hom uitspreek het: ‘Benjamin is ’n wolf wat verskeur; in die môre eet hy sy prooi, en in die aand deel hy buit uit.’ (Gén 49:27)

“Wat beteken dit alles en wat het dit vir ons te sê?

“As ons die woorde van Jakob wat hy tot sy ander seuns gerig het, ondersoek, vind ons die verrassende feit dat hy telkens die tipiese kenmerk van sy seun en ook van die seun se ganse geslag in een woord opgesom het. Die tipiese deug of tipiese sonde van die bepaalde seun en sy bepaalde geslag is elke keer aan die lig gebring. Maar by Benjamin was dit nie die geval nie. By Benjamin was dit anders.

By Benjamin tref ’n mens ’n eienaardige teenstrydigheid aan. Hy kon nooit met een woord opgesom word nie. By hom moes altyd die woordjies ‘en tog’ toegevoeg word; en die sin was nooit voltooi as daar nie ‘nogtans’ daarby gesê was nie. Ja, dit was in só ’n groot mate waar, dat daar werklik van Benjamin gesê kon word dat dit die tipiese kenmerk van hierdie man en sy geslag was: sy teenstrydige aard, sy gespletenheid, die feit dat daar ‘nogtans’ ’n verkeerde in sy lewe geheers het.

“Dit was reeds by sy geboorte sigbaar. Wat ’n blye oomblik toe daar nog ’n seun vir Jakob uit sy geliefde vrou gebore is. ‘En tog’ was dit ook die oomblik van uiterste smart, want sy geliefde vrou het gesterf by die geboorte van Benjamin. En so was Benjamin by sy geboorte reeds halfwees.

“Dit is ook geen wonder dat hy ook twee name ontvang het nie. Sy vader het hom jubelend ‘Benjamin’ (seun van my regterhand) genoem. ‘En tog’ het sy

moeder gekla en hom 'Ben-Oni' (seun van my smart) genoem.

"Só het dit deur sy hele lewe gebly. Toe die jong seuntjie om Jakob se tent gespeel het, het hy telkens gemengde gevoelens gewek. Aan die een kant het hy die soetste herinnerings aan Ragel gebring en haar plek ingeneem. 'En tog' het hy ook Jakob se wonde oopgekrap, want sy teenwoordigheid het Jakob telkens herinner dat Ragel nie meer daar was nie.

"Hierdie teenstrydigheid het 'n mens ook in die seën oor Benjamin bemerk. Moses het die lieflikste dinge oor Benjamin gesê: 'Die beminde van die HERE - hy sal veilig by Hom woon; Hy beskerm hom die hele dag en woon tussen sy berghange.' (Deut 33:12) 'En tog' het Jakob hom as 'n verskeurende wolf getipeer.

"En sy nageslag?

"Toe die tweede rigter, Ehud uit die stam van Benjamin, opgestaan het, lees ons vol ironie dat hy wat 'n Benjaminiet, 'n seun van die regterhand was, 'noggans' links was. Debora het later die braafheid van Benjamin besing. 'En tog' verneem ons in dieselfde Bybelboek Rigters dat die stam Benjamin burgeroorlog teen sy eie volk gevoer het en dit boonop met 'n uitgesoekte afdeling sodate wat almal linkshandig was. (Rig 20:16)

"Toe die eerste koning oor Israel gekies is, het die keuse geval op 'n Benjaminiet, Saul. Ja, hy was 'n tipiese seun van Benjamin, ook so vol teenstrydighede. Hy het so mooi begin. 'En tog' was sy einde so tragies, so vol jaloesie, haat en nyd. Saul is onder die profete gevind 'en tog' ook onder die waarsegsters, by die towerheks van Endor. Hy was grootliks tot Dawid aangetrokke, wat vir hom op die harp moes gespeel het. 'En tog' het hy Dawid gehaat. Hy het aan Dawid sy dogter gegee en 'noggans' probeer om Dawid met sy spies dood te gooi. Saul was die beminde 'en tog' ook die verworpene: Benjamin en Ben-Oni.

"En so gaan dit voort. Ook as die HERE Moses se profesie oor Benjamin in vervulling laat gaan het en Benjamin tussen die berge, die sewe heuwels van Benjamin, in Jerusalem gaan woon het. Die Tempel is in Jerusalem opgerig, die gebied van die wolf, waar God lammers laat slag het.

"'En tog en tog' sou die onheilige gespletenheid nêrens elders duideliker na vore kom as juis in Jerusalem nie. Want toe God in die volheid van die tyd werklik op die aarde kom woon het en in vier myl van Jerusalem af, in Bethlehem, sy wieg in 'n stal gevind het,

het daar 'n leër uit Jerusalem vertrek. Die wolf Benjamin wou die Lam verskeur het. (Matt 2:18) En later het die wolf letterlik die Lam gegryp en hom doodgemaak op Golgota, een van die berge van Benjamin.

“Broers en Susters, Benjamin se beeld is ook op ons van toepassing. Hoe word al die mooi in ons lewe nie verdonker en verwoes deur die ‘en tog’ en die ‘nigtans’ wat telkens oor ons geskrywe word nie.

“Maar nou het Jesus Christus gekom en 'n ander en heilige ‘en tog’ en 'n regte ‘nigtans’ gebring om aan ons, die Benjaminiete, te skenk. Want Hy is gedood; ‘en tog’ lewe Hy. Op Golgota het hy die grootste Ben-Oni denkbaar geword. ‘En tog’ het Hy op 'n ander berg van Jerusalem, die Olyfberg, die grootste Benjamin geword toe Hy na die Hemel opgevaar het en aan die regterhand van God gaan sit het.

“En nou staan daar in die Bybel die mooiste voorbeeld van hoe Hy die onheilige ‘nigtans’ met 'n Goddelike ‘nigtans’ vervang het in die lewe van die grootste seun van Benjamin, Saulus, die latere Apostel Paulus.

“Vroeg in Handeling tref ons hom aan as die tipiese Benjaminiet, die bloeddorstige wolf wat hom in die steniging van Stephanus verlustig het en daardeur aangevuur is om hom soos 'n roofdier op die kudde van Jesus te stort en orals te verskeur. Hy was boonop trots daarop. (Fill 3:5).

“Maar toe het God die aand in sy lewe gebring, die aand waarvan Jakob gepraat het. Op die pad na Damaskus het hy klein geword en sy wolfkarakter verloor. Daarna het hy begin om die buit van Jesus Christus uit te deel. Hy het die Evangelie begin verkondig met sy mond en met sy pen aan die mense van sy tyd en aan mense van alle tye, wat ons insluit.

“Het ons al hierdie Evangelie aanvaar? Wat is die Evangelie van die ware ‘en tog’ en ‘nigtans’ van God?

“Dit is die blye boodskap van die ‘nigtans’ van die regverdigmaking. U en ek is almal wolwe. Hoeveel het ons nie al verskeur nie? Ons het 'n verlede wat ons nooit kan afskud nie. ‘En tog’ vertel die Evangelie vir ons dat Jesus Christus juis vir ons gesterf het, dat daar juis vir ons genade is, dat ons ten hemel kan gaan, ja, reeds in die Hemel geplaas is. (Efés 2:6) En dit sonder dat ons 'n vinger verroer het. Want Hy het sy hande en voete laat deurboor om dit vir ons te volbring. Het u dit al aanvaar?

“Dit is die blye boodskap van die ‘nigtans’ van ’n nuwe lewensdurf. Ja, dit is waar dat u en ek die magtelose klein Dawid is wat die reusagtige lewensomstandighede van môre en oormôre moet aandurf, wat soos Goliath op ons afgestap kom.

“Hoe kan dit tog? Dit kan as Jesus vir ons sy slingervel, sy ‘nigtans’, in ons hande gee. Hy stel ons in staat om vir watter lewensomstandigheid ookal in die gesig ‘Nee’ te kan sê.

“Uit homself was Paulus met vrees en bewing vervul. (1 Kor 2:3) Maar in Christus Jesus kon hy met ’n ‘nigtans’ dwarsdeur alle moontlike teenkantsing geloop het.

“Is u as Christen nog moedeloos en sonder krag? Die diagnose daarvan is heel waarskynlik dat u soggens vergeet om u skuld, u ‘nigtans’, na Jesus te neem.

“Die derde ‘nigtans’ van die Evangelie is die ‘nigtans’ in lyding. Die Christen moet soms die grootste beproewing deurmaak. Maar die Christen wat die Evangelie leer aanvaar het, het ook geleer sê en geleer glo: ‘En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.’ (Rom 8:28)

“En kom ons noem nog ’n laaste faset van die heerlike Evangelie van die ware ‘nigtans’ in Christus Jesus, die ‘nigtans’ van die nuwe lewe. Jeremia, die profeet uit die geslag van Benjamin, het reeds gevra: ‘Kan ’n Kusiet sy vel verander of ’n luiperd sy vlekke?’ (Jer 13:23) Die vraag is nou nog aktueel. Kan ’n mens verander? Of is jy nou maar eenmaal so gemaak en so laat staan?

“Nee, van nature kan ’n mens nie verander nie, maar uit en deur die genade van God wél. Self sal ons dit nie regkry nie. ‘En tog’ kan Jesus ons, wat wolwe is, so van binne uit verander, dat ons in liefde met ons naaste saam kan leef. Het u dit al ervaar? Het u dit al toegeëien? Is u reeds besig om te verander?

“Dit is eers as ons hierdie Evangelie vasgryp, hierdie ewige wins ter hand neem en alle ander dinge skade ag, dat dit ook by ons kan gebeur, dat die verkeerde ‘nigtans’ in ons lewe verruil word vir die ware, die regte, die heilige ‘nigtans’ van Jesus Christus.

“Amen.”